**13 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:3-12; lees ook Psalm 131**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:3**

## Afhanklik van God, ’n tipiese kenmerk van ’n koninkrykskind

Wyle prof. Jan J van der Walt troon oor agt vervaarde eerstejaar teologiese studente in sy eerste ontmoeting met hulle en vra: “Watter vers in die Bybel is die belangrikste vers?” Nadat die studente gewik en geweeg het, verduidelik prof. Van der Walt waarom hy dink dat Matteus 5:3 ’n uitsonderlike belangrike en kernvers in die Bybel is.

Matteus 5:3 – “Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel”, is die openingswoorde van ons Here Jesus Christus se eerste openbare preek, sy sogenaamde bergpreek (Matt. 5-7). Dit is ’n preek waarin Jesus die reëls vir die grondwet van die koninkryk van die hemel uiteensit. En dwars teen die menslike natuur in kom Jesus se eerste koninkryksreël: “Geseënd is jy as jy van God afhanklik is.” ’n Amerikaanse meningspeiling het aangetoon dat die Amerikaners nie graag afhanklik van enigiets of enigiemand wil wees nie. Die mens wil graag onafhanklik wees. Dink daaraan hoe sleg tref dit bejaardes om van hulle kinders afhanklik te raak.

Wel, om afhanklik van God te wees, is ’n tipiese kenmerk van koninkrykskinders. God se Ou-Testamentiese kerk wys in hulle gebede hoe die lewe in die verbond met God ’n lewe afhanklik van God is. Koning Dawid bely in Psalm 131:1: “Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is”. In elke gelowige se lewe is daar dinge wat vir hom te groot is, dinge wat bo sy vermoë is om te hanteer. Vir Koning Dawid was dit dalk sy seun Absalom wat ’n staatsgreep teen hom reël. Vir ons vandag kan dit doodgewoon kos en klere wees, miskien het jy jou werk verloor en weet jy nie waar die geld vandaan gaan kom om vir jou gesin inkopies te doen nie.

Jesus trek in sy bergpreek self lyne tussen sy openingswoorde en die res van sy preek: “Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie” (Matt. 6:25). Gelowiges kan egter in hierdie lewe ontspan, hulle kan weet en vertrou dat hulle Almagtige God, deur Jesus Christus hulle Vader, sal omsien na dit wat vir ons te groot is. Sulke mense is gelukkige mense.

*Sing: Psalm 131:1, 2, 3 (1936; alternatiewe melodie Psalm 134)*

*Ds. JL (Louis) Aucamp (Kemptonpark-Mooifontein)*